education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2006

## AFRIKAANS TWEEDE/ADDISIONELE TAAL VRAESTEL 3

## STANDAARDGRAAD

## OKTOBER/NOVEMBER 2006

102-2/3

AFRIKAANS TWEEDE/ADDISIONELE TAAL SG: Vraestel 3

102 2 3 SG

X25

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye, wat die bylaag insluit.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye. Maak seker dat jou vraestel volledig is.

2. Maak seker dat jou eksamennommer op die antwoordboek reg is.

3. Beantwoord EEN vraag uit elkeen van die afdelings A, B en C.

4. Skryf duidelik en leesbaar.

5. Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies bo-aan.

6. Gee spesiale aandag aan spelling, taal en sinskonstruksie.

7. Ons beveel aan dat jy jou werk deurlees voordat jy dit inlewer.

8. Doen VRAAG 3.2 op BYLAAG A.

## AFDELING A: LANGER SKRYFSTUKKE

### VRAAG 1

Skryf 'n opstel van ongeveer 250 - 300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe:

1.1 VERHALENDE OPSTEL

**'N ONGELUK WAT MET MY GEBEUR HET**



[Uit: *Consumer Studies,* Shuter and Shooter]

Soos 'n mens duidelik hierbo kan sien, gebeur 'n ongeluk baie vinnig. So 'n tipe ongeluk het ook al met jou gebeur. Vertel van dié ongeluk.


Hou die volgende in gedagte:

- Wat was die ongeluk?
- Waar en wanneer het die ongeluk gebeur?
- Wat het presies gebeur?
- Hoe het jy gevoel toe die ongeluk gebeur het?
- Wat het na die ongeluk gebeur?
- Was daar enige gevolge na die ongeluk?

**OF**

1.2 BESKRYWENDE OPSTEL

**NET DIE PLEK VIR MY!**



[Uit: *SARIE,* Oktober 2000]

Daar is plekke waar jy baie gelukkig voel. Vertel van die plek waar jy die gelukkigste is.

Hou die volgende in gedagte:

- Beskryf waar die plek is.
- Beskryf hoe dit daar lyk.
- Beskryf hoe jy voel terwyl jy daar is. Wat laat jou so voel?
- Beskryf wat jy gewoonlik by dié plek doen.

**OF**

1.3 ARGUMENTERENDE OPSTEL

**Ons Suid-Afrikaners hou nie ons land skoon nie.**

In elke dorp of stad, langs die paaie, in die parke en voor winkels lê rommel (papiere en gemors). Die mense gee nie meer om hoe vuil dit om hulle is nie. Dit is asof mense dit net nie meer raaksien nie.

Stem jy saam dat ons land vuil is? Skryf en vertel hoe jy daaroor voel.

Hou die volgende in gedagte:

- Waarom gooi mense papiere, blikkies, bottels, ens. rond?
- Wat is die gevolge van al die rommel om ons?
- Behoort mense gestraf te word as hulle goed rondgooi?
- As dit 'n probleem is, hoe kan die probleem opgelos word?

**OF**

1.4 BESPIEGELENDE OPSTEL

**Vriende**

Vriende is vir ons almal baie belangrik. Sonder vriende kan die lewe baie moeilik wees. Vriende kan jou baie gelukkig maak of baie seermaak.

Wat beteken vriendskap vir jou?

Hou die volgende in gedagte:

- Wat is 'n vriend?
- Hoekom is dit belangrik om goeie vriende te hê?
- Hoe kan vriende jou seermaak?
- Hoe kan vriende jou gelukkig maak?
- Hoe kan vriende jou op die regte/verkeerde pad lei?
- Wanneer is ek 'n goeie vriend/in?

**OF**

1.5 FEITELIKE OPSTEL

**Rolmodelle**

Ons het almal rolmodelle op wie ons baie trots is en oor wie ons graag praat.

Skryf oor jou rolmodel.

Hou die volgende in gedagte:

- Wie is jou rolmodel?
- Waar is die persoon gebore en waar het hy/sy grootgeword?
- Watter soort mens is jou rolmodel?
- Waarom is jou rolmodel so spesiaal?
- Wat beteken jou rolmodel vir jou?

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: KORTER SKRYFSTUKKE: FUNKSIONELE SKRYFSTUKKE

### VRAAG 2

- Doen net EEN vraag in hierdie afdeling.
- Elke vraag in hierdie afdeling tel 20 punte.
- Die inhoud van die vraag moet 120 - 150 woorde lank wees.

2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jy het die onderstaande briefie ontvang van jou maat wat nou in Bloemfontein bly. Lees die briefie en beantwoord jou maat se brief.

Viljoenstraat 34
Bloemfontein
9301
12 September 2006

Liewe Mpho

Gaan dit goed met jou? Leer jy baie hard? Ek werk baie hard, want ek wil goed doen in die eksamen. Ek skryf vir jou, want ek het 'n probleem en wil graag raad vra.

My probleem is dat ek nie weet wat om volgende jaar te doen nie. Moet ek gaan werk, moet ek verder gaan studeer of moet ek by die huis bly en my ma help?


Jy ken my so goed en jy weet hoe my ma is. Help my asseblief en sê my wat jy dink ek moet doen.

Ek hoop om gou van jou te hoor.

Groete

Jabu

Dink aan die volgende:
- Wat moet Jabu kies om volgende jaar te doen?
- Wat gaan dit haar/hom kos as sy/hy verder studeer?
- Hoeveel geld gaan sy/hy verdien?
- Waar gaan sy/hy bly?
- Hoe moet die probleem met haar/sy ma hanteer word?




Jy mag nie dele uit die brief oorskryf nie!

**OF**

2.2 DIALOOG

**'N SKINDERSTORIE**

Waaroor praat ons met ons vriende? Ons praat baie keer oor ander mense en wat hulle doen. Dit noem 'n mens skinder. Almal hou van skinder, al is dit lelik.

Jy het ook so 'n lekker skinderstorie gehoor.

Skryf nou die dialoog tussen jou en jou beste maat neer waarin jy hom of haar van hierdie storie vertel.

Begin jou dialoog so:

| | |
|---|---|
| Ek: | Tsidi, het jy gehoor van …? |
| Maat: | Nee! Vertel my! |
| Ek: | … |

Onthou: Laat EEN reël oop tussen elke spreekbeurt.

**OF**

2.3 KOERANTARTIKEL

**HIERDIE KIND IS WEER GEVIND!**

Byna daagliks hoor ons oor die radio en televisie van kinders wat wegraak. Sommige word gou weer gekry en ander word nooit gevind nie. Om ouers wie se kinders wegraak, moed te gee, het jy 'n koerantartikel geskryf oor 'n kind wat weg was en weer gevind is.

Skryf die artikel.

Hou die volgende in gedagte:

- Wie is die kind?
- Waar het die kind gewoon?
- Waar is die kind laaste gesien?
- Wat kon die polisie uitvind?
- Waar is die kind gevind?
- Wat het met die kind gebeur?
- Wat is jou boodskap aan ouers met wie so iets gebeur?

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

### VRAAG 3

- Doen EEN vraag uit hierdie afdeling.
- Elke vraag in hierdie afdeling tel 20 punte.
- Die inhoud van die vraag moet 120 - 150 woorde lank wees.

3.1 FAKS

Jy wil graag 'n getuigskrif oor jou skoolloopbaan hê. Skryf 'n faksboodskap aan jou vorige skoolhoof waarin jy hom vra vir 'n getuigskrif. Teken die faksvorm hieronder in jou antwoordboek oor en voltooi dit dan.

| |
|---|
| **FAKSVORM**<br><br>Naam van ontvanger: |
| Faksnommer: |
| Naam van sender: |
| Datum: |
| Onderwerp: |
| **BOODSKAP:**<br><br>Hou die volgende in gedagte:<br><br>• Die rede vir die getuigskrif (ongeveer 25 woorde)<br>• Die hoogste graad en vakke wat jy geslaag het (ongeveer 10 woorde)<br>• Persoonlike inligting (ongeveer 30 woorde)<br>• Aan watter sport of kulturele bedrywighede jy deelgeneem het en toekennings wat jy gekry het (ongeveer 40 woorde)<br>• Verskaf die adres waarheen die getuigskrif gepos moet word. |

**OF**

3.2 UITNODIGING

Jou familie het mekaar baie lank laas gesien. 'n Paar van julle het gedink dis 'n goeie plan dat julle hierdie jaar 'n familiefees hou.

Jy moet aan die hele familie uitnodigings stuur waarin jy hulle na dié familiefees uitnooi. In die uitnodiging moet jy al die belangrike inligting gee.

| |
|---|
| Voltooi die uitnodigingsvorm in BYLAAG A. |

**OF**

3.3 INTERPRETASIE VAN PRENT




[Uit: *Kommunikatiewe Benadering*]

Bestudeer die reeks prente hierbo goed en vertel dan wat jy dink gebeur het.

Hou die volgende in gedagte:

- Wie is in die prent?
- Wat het met elkeen gebeur?
- Hoe het hulle gevoel?
- Waarom, dink jy, het hulle so gevoel?
- Waar het hulp vandaan gekom?
- Wat het op die ou end met die dief gebeur?

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**GROOTTOTAAL: 80**

**BYLAAG A**

**EKSAMENNOMMER:** ____________

**SENTRUMNOMMER:** ____________

3.2 INFORMELE UITNODIGING

UITNODIGING



**ONS FAMILIE HOU FEES!**

| | | |
|---|---|---|
| Wie is almal welkom? | ____________ | (1) |
| Wanneer: | ____________ | (1) |
| Waar: | ____________ | (1) |
| Hoe laat: | ____________ | (1) |
| RSVP: | ____________ | (1) |

Gee DRIE redes waarom julle graag die fees wil hou (ongeveer 30 woorde).

Vertel meer <u>oor die plek</u> waar die partytjie gehou gaan word (ongeveer 30 woorde).

Dink aan die volgende:

- Watter soort plek is dit?
- Hoe lyk dit daar?
- Wat is daar vir kinders en grootmense om te doen?

Gee inligting oor die dinge wat hulle alles moet saambring (ongeveer 30 woorde).

Vertel vir die familie wat julle alles beplan om te doen (ongeveer 30 woorde).